

3 Mei

Skrifgedeelte: Jakobus 3:13-18

Fokusgedeelte: Jakobus 3:18 (1953-vertaling)

Die vrug van die geregtigheid roep tot vrede

Die brief van Jakobus is die een brief in die Bybel wat ons altyd voor die realiteit van 'n Christelike lewe stel. Dit leer ons die realiteit dat geloof nie net in die denke van gelowiges bestaan nie. Dit stel ons voor die realiteit dat die geloof ook nie net die mooi formulering van bepaalde waarhede is nie. Deur die Jakobus leer ons hemelse Vader ons dat geloof sonder dae, passiewe geloof, op sigself dood is.

Ons gedeelte wat ons vandag saam kon lees, bevestig dit weereens vir ons. Die wysheid van die wêreld is boos, van die duiwel, maar die wysheid van God, wat van bo kom, is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik geseglik, vol barmhartigheid, goeie vrugte, onpartydig en ongeveer. Dan is daar nog 'n verdere gevolg van die wysheid wat van bo is: Vrede.

Hierdie laaste vers van hoofstuk 3 is nie altyd maklik om te verstaan nie, maar tog word hier 'n besondere wysheid geleer. Sonder om in tegniese detail in te gaan, kan ons die betekenis van hierdie versie eenvoudig opsom: Die geregtigheid wat Christus vir ons verwerf het, word in vrede sigbaar. Ons was vyande van God en het deur ons sonde teen Hom in opstand gekom, maar Christus het vir ons die versoening bewerk. Hy het die prys van die sonde betaal en aan die geregtigheid van God voldoen. Christus het vrede tussen ons en ons Hemelse Vader gebring. Tog is die vrede wat Christus bewerk het nie net geestelik van aard nie. Ons het nou ook vrede met mekaar.

In 'n nuwe lewe waarin ons in 'n persoonlike verhouding met Christus leef, moet ons ons verheug in die feit dat Hy die vrede met ons Vader herstel het. Vanuit hierdie vrede wat ons nou met ons Vader het, moet ons ons nou ook beywer om in vrede met God en mekaar te leef. Dit is die vrug van geregtigheid en 'n lewe van wysheid.

Sing: Psalm 133:1, 2 (1936)

Ds. C (Christiaan) Jooste (Wonderboompoort)